## 7 Oktober - SKAAP

**Skrifgedeelte: Johannes 10:1-18**
**Fokusgedeelte: Johannes 10:4**

Om iemand vandag met 'n skaap te vergelyk, kan jou dalk in die moeilikheid bring! Maar dit is in óns taal en kultuur.

In die Nuwe-Testamentiese tyd was 'n skaap iets kosbaars. Die skape was eerder aangehou vir hulle wol en melk as vir die vleis (van die lammers was gebruik vir offers). 'n Mens se skape was deel van jou rykdom.

Ons weet almal hoe die oud-Oosterse herders gewerk het: daar was natuurlik goeie en slegte herders, enersyds blote huurlinge en andersyds eienaars en ómgeeherders (vgl. Eseg 34). Die ómgee-skaapwagter het die skape name gegee, hulle het sy stem geken en hy het hulle na die beste weiplekke en water toe gelei en hulle beskerm teen allerlei gevare – van rowers tot bere en arende (vgl. Ps 23).

In die Bybel word die beeld van die skaap op gelowiges toegepas – beide kollektief en individueel. Alle gelowiges is gesamentlik God se kudde, maar Hy ken elkeen afsonderlik by die naam. Hierdie beeld is beslis een van die mees troosvolle beelde in die Skrif. Hoeveel van ons het nie al deur "'n dal van doodskaduwee" gegaan nie?

Daardie donker klowe word egter 'n deurgang na die groen weivelde en die waters waar daar rus is. Alles werk immers ten goede mee vir hulle wat God liefhet (Rom 8:28). En om ná die storms en gevare veilig teen die bors van die Vader aangedruk te word, bring onbeskryflike vrede en vreugde.

Dan leef ons ook almal saam met hierdie heerlike belofte dat God se kudde veilig is – die poorte van die hel sal nie sy kudde oorweldig nie, ook nie in die moeilikste van tye nie.

Hierdie beskerming deur ons Herder het nie goedkoop gekom nie. Jesus dra die merke van Golgota. Hy het homself soos 'n lam ter slagting laat lei (Jes 53:7), sonder teëstribbeling of verset, sodat ons Hom kan volg. Ons ken mos sy stem!

*Sing: Psalm 23:1, 2 (1936-beryming)* *Dr AJ Krüger (Benoni)*